**5 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 43**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 43:3**

## Lewe in die hoop op God se trou

Voel u ook soms hulpeloos, bedruk en in vertwyfeling? Die psalmdigter het as gevolg van omstandighede ‘n verlange na God. Hy pleit om God se hulp met dié belydenis (vs. 2): “Net U is my skuiling, my God…” Hy pleit om God se lig en waarheid, God se guns en genade. Ja, soos die wolk- en vuurkolom Israel na die beloofde land gelei het, so bid hy dat God se lig en waarheid hom sal lei tot in die teenwoordigheid van God.

In Jesus Christus skitter God se trou. Christus sterf aan die vloekhout vir die sondes van die wêreld. Hy het egter ook opgestaan. Hy het sy Heilige Gees aan ons gegee om sy lig te weerkaats in ‘n wêreld vol hulpeloosheid en vertwyfeling.

In Sondag 45 van die Heidelbergse Kategismus leer ons dat gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheid is. Ons leer ook dat God sy Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat onophoudelik daarvoor bid en daarvoor dank.

Voel u verlate, hulpeloos of in vertwyfeling? Bid onophoudelik en leef ‘n ware dankbaarheidslewe in die lig van al God se beloftes.

*Sing: Psalm 43:3* *Ds Simon Hibbert (Koster)*